# Die Ligdraer

## Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Welkom

**5 November 2023**

## Ons missie:

Die Gereformeerde Kerk Welkom verheerlik God as 'n biddende gemeente wat:

- dissipels is;
- dissipels maak;
- vashou aan die suiwer leer;
- ons gawes gebruik;
- lidmate toerus; en
- God se liefde en genade uitdra.

## VANOGGEND SE EREDIENS

**Sang voor erediens:** Lied 358:1,2,3 en Lied 349:1,2,3,4
**Stilte**
**Votum**

**Groetseën**
**Lofprysing en aanbidding:** Psalm 48-1:1,4,5 en Psalm 8-3:2,3,6
**Geloofsbelydenis:** Twaalf Artikels
**Die Wet van die HERE**

**Gebed**
**Skriflesing:** Handelinge 4:23-31
**Sing:** Psalm 2-1:1,6
**Preek:**

**Tema:**
*'n Kerk wat bedreig word, bid.*

**Diens van barmhartigheid**
**Sing:** Lied 513:1,2,3
**Wegstuurseën**

**Amen:** Skrifberyming 13-3

**Afkondigings**

**KOLLEKTES:**
Onder die erediens: Diens van barmhartigheid.
By die deure: Expando.

**DIENSBEURT:**



| | |
|---|---|
| Vandag: | Wyk 10 |
| 12 November: | Wyk 1 |
| 19 November: | Wyk 2 |

**TEE/KOFFIE VOOR EN NA DIE EREDIENS:**



Daar is tee, koffie en koeldrank voor en na die erediens in die groot saal beskikbaar. Alles word daar reggesit en dan kan lidmate hulleself help.

**KATKISASIE:**
Tydens die erediens (net na die Skriflesing en voor die preek) is daar katkisasie vir die voorskoolse kinders. Graad 1-10 se katkisasie is na die erediens.

**BYBELSTUDIE:**
Vanmiddag om 17:00 by die kerkgebou. Almal is hartlik welkom om dit by te woon of elektronies deur middel van Google Meet in te skakel. Die skakel daarvoor is: https://meet.google.com/abk-gcxp-bcc

**KERSPROGRAM: SONDAG 19 NOVEMBER:**
Dit is vanjaar ons beurt om die jaarlikse Kersprogram aan te bied. Dit sal plaasvind op Sondag 19 November om 18:30 in ons kerkgebou. Dit is die Sondag waarop ons nagmaal het. Ons versoek alle lidmate om die datum oop te hou en die Kersprogram in groot getalle by te woon.

**NAGMAAL: SONDAG 19 NOVEMBER:**
Ons laaste nagmaal vir die jaar is op Sondag 19 November om 09:00. Weens die Kersprogram later die aand sal ons nie met hierdie nagmaal ons gebruiklike gemeente-ete hê nie.



# Ek Verjaar!



Die volgende lidmate verjaar tot 11 November 2023

| | | |
|---|---|---|
| 6 November | Lila du Plessis | 083 288 2002 |
| 8 November | Demi Steyn | 071 187 0662 |

**BAIE GELUK** en seënwense vir die nuwe jaar.

**LIEF EN LEED:**
- Br. Mias Engelbrecht (082 708 9428) se swaer is onlangs oorlede. Ons innige simpatie aan hom en sy familie.
- Ons vra ook voorbidding vir ander lidmate wat siek is of in die hospitaal is of ander beproewings beleef, waarvan ons nie weet nie.

- Dit is weer die tyd van die jaar dat die skole se prysuitdelings plaasvind. Ons versoek julle om asseblief vir ons te laat weet van die kinders in ons gemeente se prestasies. Ons het sover verneem dat Tyla Ann Wasmüth verkies is tot onderhoofmeisie van Goudveld Hoërskool.
- Tydens ons bederf-ete op 25 Oktober het ons gehoor dat van ons lidmate se kleinkinders ook goeie prestasies behaal het. Ons weet sover van die volgende: Jan en Annabie Cronje se kleindogter, Annabel, is verkies op die leerlingraad van Nelsdrif laerskool. Ben en Corrie de Lange se kleinseun, Dandre de Lange, is verkies tot hoofseun van Hentie Cilliers hoërskool, terwyl hulle kleindogter, Tanya de Lange, volle erekleure gekry het in hokkie (Noord-Vrystaatspan). Baie geluk aan ander oupas en oumas wie se kleinkinders prestasies behaal het. Laat weet gerus vir ons van julle kleinkinders se prestasies sodat ons dit in die Ligdraer kan sit.

# Die Bybel

23 Ná hulle vrylating het Petrus en Johannes na hulle eie mense gegaan en
hulle vertel wat die leierpriesters en die familiehoofde alles vir hulle gesê
het. 24 Toe hulle dit hoor, het hulle God eensgesind aangeroep en gesê:
"Here, U is die Een wat die hemel en die aarde en die see en alles daarin
gemaak het, 25 wat by monde van ons vader Dawid, u dienskneg, deur die
Heilige Gees gesê het:

" 'Waarom gaan die heidennasies tekere,
en bedink die volke nietige dinge?
26 Die konings van die aarde
neem stelling in,
en die leiers span saam
teen die Here en teen sy Gesalfde.'

27 "Want inderdaad, in hierdie stad het hulle – Herodes en Pontius Pilatus,
saam met die heidennasies en die volke van Israeli – saamgespan teen u
heilige Dienskneg Jesus, wat U gesalf het 28 om alles te doen wat U deur u
hand en u plan vooruit beskik het dat dit gebeur. 29 En nou, Here, slaan ag
op hulle dreigemente, en gee dat u diensknegte u boodskap met alle vry-
moedigheid verkondig, 30 deur u hand uit te strek tot genesing, en deurdat
tekens en wonders deur die Naam van u heilige Dienskneg Jesus plaas-
vind." 31 Terwyl hulle gebid het, is die plek waar hulle bymekaar was, ge-
skud en almal is vervul met die Heilige Gees, en het die woord van God
met vrymoedigheid verkondig.

*~ Handelinge 4:23-31 ~*

## Net 'n Gedagte

***Sy eie ongeregtighede vang hom, die goddelose, en in die vangstrikke van sy sonde word hy vasgehou. Hy sal sterf deur gebrek aan tug, en deur die grootheid van sy dwaasheid sal hy dwaal.***

***~Spreuke 5:22-23 (Ou vertaling) ~***

**VIR INBETALINGS IN ONS GEMEENTE SE REKENING:**

**WELKOM**
**ABSA BANK**
**TAK KODE: 630135**
**REK NO: 1340340090**
**TIPE REK: TJEKREKENING**



**ONTHOU OM JOU NAAM BY TE SIT INDIEN ELEKTRONIES OOR BETAAL**

**Kontaknommers en besonderhede:**
Predikant: Ds JL van der Schyff (083 995 0380) dominee@gkwelkom.co.za
Skriba: Marthie van der Schyff (072 336 4266) skriba@gkwelkom.co.za
Attes Skriba: Frank Korb (076 312 7581) attesskriba@gkwelkom.co.za
Koster: Flip Kotze (083 388 0249) koster@gkwelkom.co.za
Kassier: Marthie Kotze (083 388 0251) kassier@gkwelkom.co.za
Orrelis: Hansie Jordaan (083 407 5796) orrelis@gkwelkom.co.za
Admin beampte: Casper du Plessis (057 353 1447/060 366 0166)
Diakonie: Marthie van der Schyff (072 336 4266) diakonie@gkwelkom.co.za
Kantoor: 057 352 5280 (Vrydag 08:00 - 13:00) admin@gkwelkom.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/GKWelkom/
**Webbladsy:** www.gkwelkom.co.za

**DIAKONIE**
**EERSTE NASIONALE BANK**
**TAKKODE: 250655**
**REKENINGNOMMER: 62808348074**



# Net 'n Gedagte

*Voed jou gemoed met goeie gedagtes*
*want jy sal net so hoog kan vlieg as wat jy dink.*
***~Benjamin Disraeli ~***

*Daar is geen ryker erflating as opregtheid nie.*
***~Shakespeare ~***

GEREFORMEERDE KERKE
IN SUID-AFRIKA